NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 24 - 2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

SINODE GOUDLAND SE KIRCHENTAG REFO 500 FEES-SINODE

Goudland hou op Dinsdag 31 Oktober 'n FEES-SINODE, waar ons saam die 500ste herdenking van die Reformasie saam vier. Boonop is dit ook 'n Buitengewone Sinode waarop ons die momentum vanaf verlede jaar se sinode in 'n toekomsgolf wil omskakel.

Ons beplan 'n impak-erediens om Refo 500 te vier. Daarna gaan ons vir minder as 'n halfuur stilstaan by personeel- en struktuursake wat die afgelope jaar in plek moes kom. En dan gaan ons in twee gespreksessies rondom ronde tafels ontdek hoe die Here deur ons Sinode 'n missionale voetspoor in elke gemeente nalaat. Ons gaan onder andere luister na twee verhale van hoop wat die afgelope jaar in ons omgewing afgespeel het.

Ons wil ook saam onderskei waarmee die Here in Goudland besig is. Ons sien die missionale voetspoor nie as nóg 'n punt op ons gemeentes se oorvol program nie, maar as 'n heerlike ontdekking van hoe en waar die Here alreeds in ons gemeenskap aan die werk is.

Mag dit vir ons elkeen 'n baie geseënde sinode wees.

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Voorbidding gevra

Dr Andries Kritzinger van Orkney gemeente, is in Wilmed Park hospitaal ICU met Pankreatitis en is ernstig siek. Ons vra dat julle asseblief ernstig vir hom sal bid.

Predikantenuus

- Ds. SJ (Stanus) Cloete aanvaar op 26 November 2017 emeritaat. Stanus sal op 26 November 2017 sy afskeidspreek lewer by NG Gemeente Carletonville.
- NG Kerk Klerksdorp-

Doringkruin het vir ds. Marike Els (MM Els), van NG Kerk Queenstown, as Jeugleraar beroep.

- Ds Stefan Malan van Drie Riviere, Vereeniging, het 'n beroep na Empangenie aanvaar.
- Ds Francois Celliers van Unitaspark, Vereeniging, het 'n beroep na Plettenbergbaai aangeneem.

Songs of Praise met Richard Cock

Die Klipkerk, Vereeniging (H/v Leslie- Hofmeyerstraat) bied **Sondag 29 Oktober 2017** om 15:00 *Songs of Praise* met Richard Cock aan. Kaartjies: Volwassenes - R100 en Kinders onder 12 - R50:00. Tee, Koffie en verversings word bedien na die tyd.

Laat die kerkklokke lui op 31 Oktober!

Gemeentes word gevra om op **Dinsdag 31 Oktber om 07:00** hul kerkklokke te laat lui as deel van die feesvieringe van Reformasie 500.

NUUSBROKKIES

Reformasie 500 - Feesdiens: Enkele kaartjies beskikbaar

Die hoogtepunt van die sentrale Reformasie 500 Feesvieringe deur die Tussen Kerklike Raad (NG, NH en GKSA), vind op **Sondag, 29 Oktober 2017** in die kerkgebou van die NG Kerk Universiteitsoord plaas. Twee eenderse fees-eredienste vind in die middag om 15:30 en in die aand om 18:30 plaas.

- As predikers tree prof Gert Breed en dr Stephan Joubert op, terwyl ds Hannes van der Merwe as liturg optree.
- Dit word voorafgegaan deur ‘n historiese visuele program, ‘n 30-instrument simfonie¬orkes onder leiding van Braam van Tonder en ‘n massakoor onder leiding van Renette Bouwer.

Enkele kaartjies is nog beskikbaar teen R30 per kaartjie. Persone of gemeentes wat belangstel moet asseblief vir Sandra Grobler kontak tussen 08:00-13:00, by sandra@noordsin.co.za of 012-440 6525.

* Meld asseblief jou naam en van, hoeveel kaartjies en volle kontakbesonderhede. Sluit asseblief jou epos adres in, aange¬sien die kaartjies elektronies deurgestuur word.

Houtkruis.. ‘n Musiekblyspel uit die Reformasie

Een van die produksies wat met die samewerking van die Tussen Kerklike Raad aangebied word, is die musiek-blyspel, Houtkruis, wat in 2008 deur 24 000 mense in die Staats-teater gesien is.

Die Verhaal: Martin Luther het sy 95 stellinge teen Wittenberg se kerkdeur vasgenael en skokgolwe breek deur die bestaande kerk. Skielik kan jou geloof jou na die brandstapel stuur! Hoe Luther

se optrede die gewone mense en die kerk raak kry gestalte in die HOUTKRUIS. Te midde van boere-opstande en monnikgesang beleef ons twee verhale van geloof, liefde, verraad en vergifnis.

Musiek wissel van Gregoriaanse gesange tot groot treffers soos Die Via Dolorosa, Hierdie Kind, en Koos Doep se Gebed. Die hoofrolle: Jannie Moolman, Zita Pretorius, Marno van der Merwe, Edrien Erasmus, Rouel Beukes en Pieter Smit

Produksietye: **Vrydag 3 Nov . 19:00**
Saterdag 4 Nov. 11:00 en 15:00
Sondag 5 Nov. 15:00

Plek: Choose Life Kerk in Rubensteinstraat Moreletapark, Pretoria.

Kaartjies: R120, R160 en R200 is beskikbaar. 20% Afslag vir 20+ kaartjies!

Bespreek: iTickets. (iTickets.co.za). Doen dit nou!

Kom kyk hoe die Reformasie van 500 jaar gelede jou vandag nog raak!!

CLF PAMFLETTE

Of jy vasgenael van skok voor die TV of rekenaar sit en sien hoe mense afgemaai word in Las Vegas; óf dit nader aan jou deur is deur nuus van betogings, moord, selfdood, ens. in jou eie omgewing;

Óf dit jy of jou eie hartsmense is wat gekaap, verkrag, beroof, vermoor, aan 'n terminale siekte lei, verongeluk het of in 'n familievete of egskeiding vasgevang is ....

Die lys van gebeure wat trauma veroorsaak is nimmereindigend. Trauma raak ons almal in 'n meerdere of mindere mate – niemand is daarvan vrygeskeld nie!

Om trauma te verwerk moet jy die proses sowel as jouself verstaan en daarom het CLF twee kosbare (Gratis) pamflette genaamd ***"Trauma, hoe verwerk ek dit?"*** en ***"Help jou kind om trauma te verwerk"*** uitgegee. Bestel gerus daarvan en help jouself en ander om die seer van die lewe te verstaan en te verwerk. Dit kan ook bydra dat mense wat trauma beleef, dieper professionele hulp gaan soek wanneer dit nodig is.



Vir bestellings en navrae skakel 021 873 6964 of epos na info@clf.co.za of besoek ons webtuiste by www.clf.co.za of skakel 021 873 6964.

Kerke staan CRL-Kommissie se verslag by Portefeuljekomitee teen

In sy jongste omsendskrywe aan predikante vertel dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, hoe verskeie kerke die CRL-kommissie (Commission for Cultural, Religious and Language Rights) met die titel *Report of the hearings on the Commercialisation of Religion and Abuse of People's Belief Systems* op 17-18 Oktober by die betrokke parlementêre portefeuljekomitee teengestaan het:

"Tydens dié geleentheid is 34 voorleggings met verloop van die twee dae deur kerke en groepe gemaak. Uit die voorleggings was dit duidelik dat die voorstelle van die CRL vir die oorweldigende meerderheid Christelike kerke en organisasies onaanvaarbaar is. Die NG Kerk se voorlegging het, soos in haar aanvanklike reaksie, aangetoon dat die regulering van godsdiens onaanvaarbaar en in stryd met die Grondwet is. 'n Moontlike uitweg sou wees om 'n gedragskode saam met kerke en godsdienstige organisasies op te stel om probleme en uitdagings te hanteer. So 'n oefening sou vir kerke en godsdienstige organisasies die geleentheid gee om belangrike insette te lewer waarmee hulle gemaklik is. Die NG Kerk sou graag deel van so 'n proses wou wees."

In sy omsendskrywe raak Claassen ook verwikkeling in die hofaansoek teen die Algemene Sinode se optrede in 2016 rondom selfdegeslagverhoudinge en die skolewet aan. Klik hier om die skrywe te lees.

INTERESSANTE ARTIKELS

Om ‘n missionale, gestuurde kerk te wees…

In die jongste Kerkbode, skryf dr Botha van Aarde (Uitvoerende Beampte van die Kerklike Maatskaplike Diensteraad), die volgende artikel oor, ‘n Kerk wat niks dien nie, dien tot niks: In die NG Kerk verskil ons soms op baie maniere van mekaar. Tog is daar een ding waaroor ons van die kleinste gemeente op die platteland, deur die grootste gemeente in die stad, tot by die strukture van die Algemene Sinode, saamstem, die tyd en konteks waarin ons leef vra dat ons ‘n nuwe manier van kerkwees sal moet oorweeg. Nie dat ons ou maniere van kerkwees geheel en al nie meer werk nie, daaroor vier ons Refo 500! Maar die ou maniere werk net nie meer oral ewe goed nie… lees gerus hier verder. (Met erkenning aan Kerkbode)

Hoe leef jy as ‘n gestuurde in jou woonbuurt?

Die Here stuur ons na ons gesinne, ons bure en die mense van ons straatblok. Hoe beplan en leef mens hierdie gestuurdheid uit? Ed Stetzer het ‘n werkbare voorstel, alles op een bladsy opgesom. Klik hier. (met dank aan Grenspos).

Non-Negotiable Christian Beliefs About Creation

When it comes to the origins of the universe, what essentials need to be affirmed for a view to be biblical?

Watch Tim Keller (founder of Redeemer Presbyterian Church and vice president of TGC), Russell Moore (president of the Ethics and Religious Liberty Commission and TGC Council member), and Ligon Duncan (chancellor and CEO of Reformed Theological Seminary and TGC Council member) tackle this controversial question.

In this wide-ranging conversation, they discuss how the doctrine of creation makes sense of human dignity, racial equality, true peace and justice, purpose and meaning in life, and more. They also consider recent debates over the historicity of Adam and Eve.

Response: Deb Haarsma provides a response (Essentials of Creation: A Response to The Gospel Coalition). The video makes many good points, and these should be appreciated. However, the claim is also made that the de novo creation of Adam is a non-negotiable. It is connected both to the gospel message and to racial justice and equality. Having read David Livingstone’s work in Adam’s Ancestors and Dealing With Darwin. Christians have found it possible to rationalize almost any racist position with or without Adam. Bottom line: belief in the de novo creation of Adam is not a immunization against racism. Making this connection simply draws attention away from the more important issues. Non-negotiable issues are centered on biblical teachings about human identity and vocation as the image of God and the need for salvation. Deb has more to say and both the video and her response are worth a look. (met dank aan Grenspos).

KURSUSSE

Kursus in Saamgestelde Gesinne (Stieffamilie)

Hierdie Pastorale Beradingskursus word Saterdag 11 Nov 2017 te Potchefstroom deur Prof Wentzel Coetzer aangebied.

Hierdie kursus handel oor al die slaggate en uitdagings van saamgestelde gesinne: jou kinders, my kinders, ons kinders. Die kursus is gebaseer op die boek van Ron Deal, The smart stepfamily – 7 steps to a healthy family. Ron is ‘n internasionale spreker rondom hierdie tema en die aspekte waarop in besonder gefokus gaan word vanuit ‘n pastorale hoek is die volgende:

- God bied toerusting en rigting vir hierdie reis

- Pas jou verwagtinge aan
- Jou huwelik moet 'n top prioriteit wees
- Ouers moet 'n span vorm
- Die onderskeie rolle van ouer en stiefouer
- Unieke uitdagings aan ouers
- Tipiese slaggate vir saamgestelde gesinne

Pastorale riglyne word vervleg deur elk van bogenoemde onderwerpe.

Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie)

Datum: **Saterdag 11 Nov 2017 Tyd: 08.00 – 13.00**

Akkreditering: 5x VBO punte – 4x SAAP/CPSC punte

Koste: R250 pp (egpare: R350; studente: R150)

Navrae: 0836600409 of 0825778810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Jaarkursus In Pastorale Sorg En Krisis Intervensie

Prof Wentzel Coetzer

As jy 'n passie het vir die nood van ander dan is hierdie kursus vir jou!

Status van kursus: Noordwes-Universiteit Sertifikaat (ook geakkrediteer by SATS Universiteit)

Duur van kursus: Een jaar

Werkswinkels: Vier werkswinkels - telkens een keer per kwartaal. Geen eksamens – slegs vier werkopdragte.

Module 1: Krisis berading

- Berading van persone wat deur krisisse en beproewings gegaan het
- Ontlonting en nasorg
- Medelye-moegheid (uitgebrande beraders - compassion fatigue)

Module 2: Innerlike genesing en gebed-sterapie

- Genesing van emosionele pyn en die rol van gebed
- Pastorale begeleiding ten opsigte van verwerping
- Pastorale riglyne rondom vergifnis

Module 3: Noue wisselwerking tussen lig-gaam, gees en emosies

- 'n Pastorale benadering tot depressie
- 'n Pastorale hantering van stres en uitbranding
- Die bydrae tot pastorale berading deur die resultate van breinskandering

Module 4: Verdere kritiese areas

- Huwelik problematiek – pastorale riglyne
- 'n Pastorale evaluering van toksiese godsdiens en godsdiens verslawing
- Treurberading, sterwensbegeleiding en die rouproses.

Registrasie sperdatum: Studente kan op enige stadium van die jaar inval by hierdie kursus – werkswinkels wat in die huidige jaar gemis is, word in die volgende jaar weer opgevang.

Kontak gegewens: Prof Wentzel Coetzer - E-pos: wentzelc@gmail.com - Sel: 0836600409 of 0825778810

Daar word nie met hierdie kursus veronderstel dat studente aan die einde daarvan outoriteite sal wees ten opsigte van elk van die genoemde areas nie – wel egter dat hulle in die breë kennis geneem het van elk van die areas ten einde beter in staat te wees om, as deel van 'n multi-dissiplinêre span, kliënte/beradenes te kan verwys waar nodig na die onderskeie professionele dissiplines.

BYBELMEDIA

Lees in die jongste Kerkbode ...

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

20 Oktober 2017 | BM Bybel-Media | Deel 199 – Nommer 6

As die Here ingryp, lyk dit anders

Kerkbode van 20 Oktober vertel die verhaal van eenheid en samewerking tussen gelowiges op Potchestroom – iets wat hulle nie gedink het moontlik is nie, maar wat God nietemin laat gebeur het.

Daar is twee verskillende artikels met rigtingwysers vir die oorlewing van sukkelende gemeentes, een uit 'n akademiese agtergrond en een na aanleiding van die praktyk van 'n paar Oos-Kaapse gemeentes.

Daar word ook vertel van 'n kunsprojek in Franschhoek wat mense gehelp het om nuut na God en na ander mense te kyk.

Lees ook prof Cas Vos se gedig oor die Reformasie, oor 'n uitreik na vlugtelinge in Athene, oor 'n 93-jarige lidmaat wat wys 'n mens is nie te oud om steeds op God se roeping te antwoord nie, oor kerkmusiek wat in braille beskikbaar gestel word en heelwat meer.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com -- Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - Zeerust - sel: 082 475 2740
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS